VOORBIDDING:

Wêreld: Oos-Timor, Indonesië en die Filippyne. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.
RSA & Dorp: Onderwys en Opleiding - universiteite, tegnikons, skole, leerkragte, studente en leerders. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners, ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. Die brandslagoffers van George en omgewing.
Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Oordeelkundige gebruik van water. Matrieks, skoliere en studente wat eksamen skryf.
Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Eunice Avenant (Anesta), Karin Calitz (Stellenoord), Cornette Liebenberg (Forelle), Gert Loubser (Le Seuer), Marianne Theron (Kaneel), Anna Viljoen (Bonheur) en Tony Walters (Bon Chretien).

Nuus van Geopende Deure

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Tydens Thys Visser se besoek om ons meer te vertel van die vervolgde kerk, het hy ons uitgedaag om betrokke te raak by Christene wat ly as gevolg van ons geloof. Geopende Deure het ook ‘n Kersfees katalogus waarin vertel word hoe ons kan uitreik na ons medegelowiges. Een manier is om ‘n Bybel te borg. Om ‘n Bybel te besit, is onwettig in baie dele van die wêreld. In Oesbekistan byvoorbeeld deursoek polisie gereeld huise vir Bybels en verbrand iedere een wat hulle vind. Gelowiges word gearresteer, gemartel en met soveel as 100 keer die minimum salaris beboet omdat hulle ‘n Bybel besit. Wat is jou Bybel[s] vir jou werd? Ons kan Bybels as geskenke stuur aan vervolgde Christene in soveel wêrelddele. As jy ‘n bydrae wil maak, betaal in by die kerkkantoor of skakel met Leon Cronje. Die volledige geskenkgids van Geopende Deure is in die kerkkantoor beskikbaar.

GROENgedagte #118 23 November is ... Swart Vrydag! of KOOP-NIKS-DAG! Wanneer laas het jy ‘n hele dag lank niks gekoop nie? IS dit ooit moontlik? Koop-niks-dag het ontstaan in 1992 as protes teen die verbruikerskultuur en die histerie van Swart Vrydag wat deesdae die wêreld oorneem. Die idee is om ‘n tree terug te gee en na te dink aan ons kooppatrone, ons eie verknogtheid aan dinge en die malligheid van Swart Vrydag. Die idee is egter nie om net vir een dag niks te koop nie, maar om dieper te dink en te kyk hoe ons elke dag minder kan verbruik en minder afval kan genereer. Op sommige plekke loop mense wat Koop-niks-dag ondersteun, soos zombies in winkelsentrums rond en KOOP niks nie! Ander staan met ‘n plakkaat en ‘n skêr in die sentrum en bied aan om mense te help om genees te word van hul kooplus met een knip van die skêr – en die kredietkaart kan nie gebruik word nie! Ander hou daarvan om die dag juis in die natuur te spandeer – want dit kos niks nie. Wat is jou planne vir Swart Vrydag?

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Koninkrykstyd

Sondag 18 November 2018

Biddag vir Beskermingsdienste

Tema	Sing jy saam met Hanna?
Teks	1 Samuel 2: 1-10
Prediker	Leon Cronje
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
18:00	Diens by Bonheur

Jaartema: Dissipels ontvang en soek die geskenk van gemeenskap.

Op die kerkraadsvergadering van 13 November is die volgende persone tot die kerkraad verkies: Tot ouderling verkies: Mathilda Vlok (A-wyke), Herta de Villiers (C-wyke), Karin Calitz (Diens van Barmhartigheid), Koos Swart (Adminkomitee), Marié van der Walt (Koinonia Bediening). Tot ouderling herkies: Hennie Möller (A-wyke). Tot diaken verkies: Hannes Bellingan (A-wyke), Johan Vorster (A-wyke), Hanlie Groenewald (C-wyke), Braam Horn (C-wyke) en Hanli Hencke (Koinonia Bediening).

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar ’n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet.
Kom geniet gerus ’n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer.

PROGRAM VIR VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 19/11 tot Sondag 2/12

Do 22/11	11:00	**Sonderbriekers se afsluiting** by Helderberg Restaurant, Raithby. Vertrek 11:00 vanaf die kerk.
So 25/11	09:30 16:30	**Biddag vir Wêreld Vigs-dag & Sondag van Christus die Koning** **Erediens:** Elzanne van der Westhuizen Kerkbiblioteek ná die erediens **Orreluitvoering**: Winand Grundling (toegang: donasies)
Wo 28/11	09:00 - 12:00	Kerspakkies word verpak in die vierkant. ***Skakel Rina van den Heever by 021 886 5975 as jy wil kom help.***
Do 29/11	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening**: Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy wil kom saam werk aan die naaldwerkprojekte.
Vr 30/11		2019 se almanakke gereed in die dienswerkers se vakkies om in die wyke uitgedeel te word.
So 2/12	09:30	Eerste Advent **Erediens**: Monty Sahd **(Kerssangdiens)**

Die deuroffer vandag gaan aan die Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid: Paarl Hospitaal Neonatale Eenheid vir vroeggebore babas in ons streek, word deur ons ondersteun deur veral die maak van kombersies, lakens, klere en sakke (vir die Bless-a-baby-projek). Ons gemeente se verteenwoordiger is Mary Conradie (072 286 5857 of maryc@tfdesign.co.za).

Die deuroffer verlede week aan Jamestown Sounds was R3 103. Baie dankie!

Volgende week se deuroffer gaan aan Stellenbosch Vigs-aksie.

Betaal met Snapscan!
Laai dit af op jou slimfoon by **http://www.snapscan.co.za/user.html.** Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.

November se deuroffer-tema is **Kinders en Gesondheid**. Daarom gaan ons deuroffers aan *Safehouse, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid* en ook aan *Vigsaksie*.

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za. Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)

Dringende behoeftes By Hospice

Stellenbosch Hospice benodig dringend joghurt (om pasiënte te help om medikasie makliker in te neem) en vars vrugte. Handdoeke, grootmensdoeke en seep is ook baie nodig. Bring dit na die kerkkantoor of skakel Hospice direk by 021 886 5994 of stelhosp@iafrica.com .

Stellenbosch Hospice

Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê.
1 Johannes 4: 9

Kom koop geskenkpapier

Die geskenkpapier word gemaak deur inwoners van die Alta du Toit Nasorg-sentrum. Hierdie papier word gemaak as deel van terapie vir die inwoners en fondse word gebuik vir die sentrum. 1 m x 70 cm groot en R15 per rol. Beskikbaar by die kerkkantoor.

Kersprojek

Ons insameling konsentreer hoofsaaklik op voedsel, toiletware en skoolbenodigdhede om só die boodskap van Kersfees te deel met die behoeftige gemeenskap rondom ons. Baie dankie aan almal wat al bydraes vir die Kersprojek gebring het, hetsy in die vorm van 'n volledige gesinskospakkie, los kruideniersware, toiletware of geldbydraes. Indien jy ook wil meedoen aan hierdie groot projek, bestudeer die Kerspamflet (beskikbaar by die deure of in die kerkkantoor) om te sien waar jy betrokke wil raak of bydra. Die **groot verpakking vind plaas op Woensdag, 28 November**. *Skakel die kerkkantoor en laat weet vir Rina van den Heever indien jy hiermee wil help.*

Orreluitvoering deur Winand

Wanneer: 25 November
Tyd: 16:30
Waar: Stellenbosch-Welgelegen
Toegang: Donasies
Die program sal mooi Kersmusiek insluit. Moenie dié geleentheid misloop nie!

Ons Kerssangdiens vind plaas op Sondag, 2 Desember om 09:30. Kom sing lekker saam!

Bestel steeds Somerbosch-aarbeie teen Maandae om op Woensdae by die kerkkantoor te kom afhaal. Laaste bestelling is Maandag 10 Desember en laaste aflewering is Woensdag 12 Desember. Aarbeie is R40 vir 1 kg.

BELANGRIKE NOTA: Die kerkkantoor open op Maandae om 09:00.